Akademie Reformia
Soli Deo Gloria
PIETERSBURG

✉ 483, THORNHILL PLAZA 0882
☎ (015) 296 8812 / 🖷 *(015) 296 8801*
e-pos: admin@akademiereformia.co.za
EMIS - nommer: 0904225655
Registrasienommer: 2010052
UMALUSI Akkreditasie: 17SCH0100246

15 Maart 2019

Nuusbrief

Uit die Hoof se pen.

Wanneer God ons tot geloof roep gaan dit gepaard met inwendige bekering en 'n lewenswyse wat gekenmerk word deur die geloofsvrugte wat ter aanskouing van die wêreld geopenbaar word.

As jong gelowiges lewe ons leerlinge by AR met die lewensbeskouing dat alles aan die Here behoort en dat hulle deur die Woord ten volle toegerus word om tot Sy eer te lewe. Ons vertrekpunt waarvandaan ons die wêreld benader is ons geloof en sodoende maak ons 'n verskil op elke terrein waar ons verkeer.

Die personeel van AR is doelgerig om hierdie jong gelowiges op te voed en in die vrese van God se Woord te onderrig. Die onderwysers het daarom die volgende doelwitte vanuit die skrif met die oogmerk om leerlinge tot geestelike volwassenheid te lei:

- Om leerlinge te lei sodat hulle God leer ken in en deur sy Woord.
- Om nie net kennis te dra van die skepping nie, maar om dit reg te verstaan.
- Om leerlinge in hulle verskeie fases van ontwikkeling te begelei.
- Om verhoudings op die regte basis te skep en te onderhou.

In praktyk rus daar dus 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van ons personeel. Daarom is dit belangrik dat ons deurlopend besin oor of ons nog Christus se wil voor oë hou, en of ons nie dalk ons eie of sekulêre samelewing se tendens najaag nie. Mag ons nooit meegesleur word deur die strewe om 'n "sukses" te maak ten koste van die eer van God nie.

Leerlinge en ouers is van nature geneig om hulle eie doelwitte voorop te stel wat potensieël daartoe kan lei dat hulle 'n selfgesentreerde lewe leef wat die taak van 'n Christelike onderwyser bemoeilik. Ons wêreldbeskouing moet egter inklusief wees ten opsigte van ons keuse oor hoe ons en ons kinders in die wêreld inskakel. Ons wandel in geloof, binne die wêreld. Ons maak ons geloof 'n vooropgestelde deel van ons omstandighede en ons maak 'n verskil, want ons Here vereis dit van ons.

"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." - *Matteus 5:16.*

Sport

Die bulletjierugby- en mini-netbal-seisoen het sommer vroeg in die kwartaal op eie bodem afgeskop. Op 13 April het meer as 900 bulletjies en 500 mini-netbal spelers ons sportdag bygewoon. Die weer het perfek saamgespeel wat bygedra het tot die dag se sukses. Die spelers het aan vyf soortgelyke dae gedurende die kwartaal deelgeneem.

Jaarliks neem die skool deel aan die Bosveld Kleinskole Liga. AR se spanne het altesaam 3 toernooie bygewoon by onder andere Roedtan, Naboomspruit en Pietersburg. AR se O/9 rugbyspan en O/9 netbalspan het onderskeidelik met die louere weggestap as liga wenners.

Talle van AR se leerlinge neem aan buitemuurse aktiwiteite soos gimnastiek, stoei, en swem deel. Ook op hierdie terreine presteer hulle baie goed. Kaylie Brits (gr.1) het aan die SA Kampioenskappe vir Akrobatiese Gimnastiek deelgeneem waar sy tweede in haar kategorie afdeling geëindig het. Natalie Gouws (gr.1) het aan die SA Kampioenskappe vir Ritmiese Gimnastiek deelgeneem. Dit is inderdaad prestasies om op trots te wees.

Akademie

As verbondskinders streef ons na akademiese uitnemendheid. Die leerlinge het weereens bewys dat hulle uitnemendheid ten doel stel deur vasberade te werk om tot die beste van hulle vermoëns te presteer.

Baie geluk aan elke leerling wat deur harde werk en deursettingsvermoë goed presteer het gedurende kwartaal 2. Hiermee 'n paar uitslae:

Gr. R – 3: 31 leerlinge wat 'n gemiddeld van >80% handhaaf.
Gr. 4: Gemiddeld 1.5 onderskeidings per leerling, 23 onderskeidings in totaal.
Gr. 5: Gemiddeld 1.2 onderskeidings per leerling, 16 onderskeidings in totaal.
Gr. 6: Gemiddeld 1 onderskeiding per leerling, 8 onderskeidings in totaal.
Gr. 7: Gemiddeld 1.6 onderskeidings per leerling, 18 onderskeidings in totaal.

Daar moet egter melding gemaak word dat daar agter elke goeie leerling 'n toegewyde leerkrag staan. AR se akademiese prestasies kan grootliks aan kundige en gesaghebbende personeel toegeskryf word. Dit is vir elke leerling 'n voorreg om by 'n Christen onderwyser onderrig te ontvang.

Kultuur

Gedurende kwartaal 2 het 'n groot aantal leerling aan die Limpopo Eisteddfod redenaars deelgeneem. Soos in die verlede het talle van ons leerlinge goed presteer met Amelie Becker wat aangewys is as kategorie wenner Gr.1 – 3. Ons is trots op elke leerling wat deelgeneem het.

Die WOW-spelfees uitdinne het plaasgevind en die leerlinge wat in kwartaal 3 aan die Provinsiale Rondte gaan deelneem is geïdentifiseer. Die skool wens hulle sterkte toe met hulle voorbereiding.

Die skool se slagorkes is hard aan die oefen om in kwartaal 3 aan die Eisteddfod en ander geleenthede deel te neem. Hulle optrede by die Eisteddfod is jaarliks 'n hoogtepunt vir die toeskouers en hierdie jaar sal hulle poog om voort te bou op die suksesse wat hulle jaar na jaar behaal.

Hemelvaartdag

Op 31 Mei het die skool soos ouedergewoonte Hemelvaartdag herdenk. Ds. Marion Jordaan van NG kerk Pietersburg Noord het die diens behartig. Die leerlinge is weer op nuut daaraan herinner dat ons Here Jesus in die hemel ons Voorspraak by die Vader is, dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy kinders, na Hom toe sal neem. Verder dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.

Kleinbegin Pre-primêre

Dit was voorwaar 'n besige en geseënde tweede kwartaal by ons kleuterskool en ons kyk met dankbaarheid terug na 'n paar hoogtepunte.

Deur die loop van die kwartaal het ons kleuters 'n paar keer heerlik gebak-en-brou. Ons het ook skattejag gehou, en die vreugde wat hierdie twee aktiwiteite aan ons kleuters bring is aansteeklik!

Die kleuterentrepreneursdag was 'n groot sukses! Die kleuters het die dag baie geniet. Die fondse wat tydens hierdie geleentheid ge-in is, word aangewend ter ontwikkeling van ons terrein. Die nuwe sandput wek groot nuuskierigheid en afwagting by ons kleuters, en is 'n voorbeeld van die aanwending van hierdie fondse. Ons bedank elkeen van ons ouers vir hulle betrokkenheid, en mildelike skenkings vir hierdie dag.

Ons is baie dankbaar vir Me. Helana Erlank se insette by Kleinbegin se musiekprogram. Haar kennis voeg beslis waarde tot ons kinders se blootstelling aan musiek ontwikkeling.

Kleinbegin en Laerskool Datums Kwartaal 3

9 Julie: ICO Kongres Personeel

10 Julie: Skool Open vir leerlinge (Kleuterskool en Laerskool)

20 September: Skool Sluit (Kleuterskool en Laerskool)

Die Bulletjierugby- en Mini-netbalseisoen was ‘n reuse sukses. Die kleuters het dit baie geniet! Hier wil ons ook graag ons ouers bedank. Dit is ouerbetrokkenheid en aanmoediging wat dit moontlik maak vir ons kleuters om sportdeelname te kan geniet.

Ons is hard besig om aan ons konsert te beplan in die derde kwartaal, en ons kleuters is reeds besig om hul konsertliedjies en bewegings aan te leer. Daar is ook van ons graad R-maats wat in Augustus aan die Eistedfodd gaan deeleem.

Die kleuterskool se getalle groei, en ons is baie dankbaar en trots hieroor.

Kleinbegin se maats neem ook aan verskeie buitemuurse aktiwiteite deel en presteer op baie gebiede van gimnastiek, swem en ruiterkuns! Ons is baie trots op al ons kleuters se entoesiasme. Liam Wessels, een van ons graad R kleuters, is ‘n kranige visserman wat vroeër die kwartaal ‘n hengelkompetisie in Mokopane gewen het. Baie geluk, Liam!

Saamgestel deur: Kleinbegin Personeel

Vriende van Akademie

Die Vriende van Akademie klub groei steeds bestendig. Baie dankie aan elke persoon wat ‘n bydrae lewer. Om bekostigbare gehalte Christelike onderrig vir die toekoms te kan verseker, is dit belangrik dat die breër Afrikaanse Christelike gemeenskap hierdie doel ondersteur. Daarom is dit noodsaaklik dat die Vriende van Akademie klub so wyd as moontlik geadverteer word en doen ons ‘n beroep op al ons ouers en vriende om die projek so ver as moontlik te bemark.

Ten slotte

Wanneer ons verdaag aan die einde van die kwartaal vir ‘n welverdiende ruskans, is ons gebed dat almal verbonde aan die skool die geleentheid sal gebruik om die batterye te herlaai en met hernude krag sal terugkeer om die voor laaste kwartaal van die jaar met al die geleenthede wat wag aan te gryp. Mag u elk ‘n geseënde wintersruskans saam met u gesinne geniet.

Vriendelike Akademie-groete

MNR. D.E.H. COMBRINK
HOOF: AKADEMIE REFORMIA